

28 Junie

Skrifgedeeltes : Romeine 8:1-17

Fokusgedeelte : Romeine 8:1-4, 4-11,12-17

Geen veroordeling vir die gelowige nie

Ons mag weet: In Christus is ons vrygemaak en word ons aangeneem as kinders van God

Rom 8:1-17 lig drie belangrike sake uit:

- Geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie (Rom 8:1-4).
- Die verskil tussen die gelowige en die ongelowige (Rom 8:4-11).
- Die aanneming tot kinders van God (Rom 8:12-17).

Paulus gebruik eerstens die begrip “geen veroordeling... nie”. Dit is deur die Romeine in die hof gebruik. Wanneer iemand in die hof verskyn het om verhoor te word, kon hy vrygemaak word van die wet waardeur hy veroordeel was, sodat daar geen veroordeling plaasgevind het nie. So, sê Paulus, is die gelowige deur Jesus Christus vrygemaak van die wet van die sonde waardeur hy veroordeel sou word. Daar is dus nou geen veroordeling nie.

Dit gee aanleiding tot die tweede saak, naamlik dat daar nou ‘n verskil is tussen die gelowige en ongelowige. Laasgenoemde word steeds deur die wet veroordeel.

Derdens het die gelowige ‘n kind van God geword deur aanneming. Wanneer ouers ‘n kind aanneem, kry daardie kind volgens wet dieselfde regte as al die ander kinders van daardie ouers. Die aangenome kind het die reg om gelyk te erf saam met al die ander kinders van die ouers. Nou sê Paulus dat die gelowige aangeneem is as ‘n kind van God. Die Heilige Gees is getuie van die aanneming. Aangesien die aangenome kind gelyk is aan die ander kinders van God, erf hy ook gelyk met Christus.

Leef vandag vanuit hierdie ryke erfenis.

Sing: Skrifberyming 10 Ds JIL Hope (Die Bybels Gereformeerde Kerk)